# 16 April 2024 - Lesing 289 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

JaHshua Messias se Hemelvaart – 31/5/62

**NO: 8189** My missie op aarde was volbring toe Ek na die Hemel opgevaar het. Ek het die wêreld verlos van sonde en dood; Ek het opgestaan en aan My dissipels verskyn om hulle te versterk om die weg te kan gaan van die verkondiging van die evangelie van Liefde. Ek was Self deurstroom van lig en krag en kon nou die aarde verlaat om weer My Ryk binne te gaan vanwaar Ek gekom het, **naamlik die Ryk van Lig en Saligheid**.

**Want My liggaam was verheerlik**, dit was My geestelike kleed wat nie meer aan die natuurwette gebonde was nie, maar My liggaam kon nou vertoef op plekke **waar My Wil dit wou hê**.

**Die liggaam was Gees soos die Gees van My Vader van Ewigheid,** wat ook nie aan 'n vorm gebonde was nie, maar die hele heelal vul **en dus ook Myself**, die mens JaHshua wat die Ewige Godheid in Homself opgeneem het om Haar 'n menslike omhulsel te gee wat Sy nodig gehad het, - omdat Sy te midde van die mense wou woon. Hierdie omhulsel was egter aan die wette van die natuur onderworpe en moes daarom eers **'n hoë graad van rypheid verwerf** om die Ewige Godheid in Homself te kon opneem.

Nou het My missie geëindig en van die gebeurtenis van die Hemelvaart moes ook getuig word; want dit was die bekroning, dit was die bewys vir die mense dat Ek 'n werk van **totale omvorming aan Myself** volbring het, wat ook sigbaar bewys kon word.

Want Ek het **alle natuurwette opsy geskuif** toe Ek opgevaar het na die Hemel en Ek My omhul het met alle glorie en Ek tog steeds sigbaar was vir My dissipels.

Ek het hulle die krag gegee om My te kan aanskou, anders sou hulle waarlik vergaan het. **Slegs die dissipels mag My egter gesien het**, die wat reeds innig met My verbonde was **deur hulle liefde** en wat dus al 'n graad van rypheid besit het, wat so 'n aanskouing moontlik gemaak het.

En so het daar ook sommige siele in dieselfde toestand teruggekeer vanuit die ligryk en ook vir hulle was dit moontlik om My te aanskou in glans en heerlikheid, omdat hulle toestand van rypheid 'n geestelike aanskouing toegelaat het.

Want ook vir hulle was daar dan geen beperking meer nie. Ook hulle sal met glorie omklee word en **God mag aanskou van aangesig tot aangesig,** terwyl hulle hulself nou in hulle oerelement bevind, - **in die liefde**, **wat tegelykertyd lig en krag is**. En dit is hulle geestelike kleed wat elke siel mag klee, sodra hulle die aardse lewe verlaat het en heeltemal voltooid die ryk hierna binnegaan.

Julle moet dit glo en mag nie twyfel aan die liefde en mag van julle God en Vader, wat aan julle almal eendag salighede sal skenk wat julle vir julleself, so lank as wat julle nog op aarde is, nie kan voorstel nie.

Ek het julle egter 'n voorbeeld gegee van wat 'n mens kan bereik **deur 'n lewe in onselfsugtige naasteliefde** en hoe sy lot gewaarborg is, wanneer hy altyd volgens My Wil op die aarde geleef het. Wanneer sy lewenswandel 'n verandering van sy wese tot liefde ten gevolge het, **wat nou gelyk is aan My oorspronklike Wese** en daarom ook in glans en heerlikheid sal straal en sigbaar sal wees vir almal wat dieselfde graad van voltooiing het, wie hulleself dan met My verenig het en vir wie Ek 'n Wese sal wees wat lig en krag uitstraal **en dit sal bly tot in alle ewigheid**.

My Hemelvaart het werklik en waaragtig plaasgevind. Die mens JaHshua het die laaste bewys van Sy Goddelikheid op aarde gegee toe Hy in stralende volheid van lig hierdie aarde verlaat het en na die Ryk teruggekeer het vanwaar Sy Siel uitgegaan het.

**Want Hy het uit die Ryk van die Lig gekom**. Hy was by God en keer weer tot God terug, Wie se kind Hy was en sal bly **en met Wie Hy Homself heeltemal mee saamgesmelt het**. En dus was die Hemelvaart die laaste bewys dat Ek nie van hierdie aarde was nie, maar hier neergedaal het uit 'n Ryk van Lig en Heerlikheid, wat nou ook weer My bestemming was en wat ook vir ewig julle doel sal wees en bly. Want ook julle moet terugkeer tot die lig, julle sal deur die vereniging met My weer My lig en krag in al Haar volheid mag aanneem en sodoende ook verrys en opvaar na die Hemel, na julle ware Vaderland. Amein.